’n Teoretiese model vir die ontwerp van ’n Afrikaanse aanlyn akademiese redigeerwoordeboek

Maret Blom

A theoretical model for the design of an Afrikaans online dictionary for academic editing
In this study the aim is to preserve and expand academic writing in Afrikaans by developing a theoretical model for the design of an Afrikaans online dictionary for academic editing. Various Afrikaans sources and style guides are outdated and they have not been specifically compiled with the academic editor as target user. Shortcomings experienced by South African freelance editors of Afrikaans academic texts with regard to existing reference sources available in Afrikaans were investigated and a comparison drawn between Afrikaans and English reference sources that are currently available for said editors. In the results of a questionnaire and comparative study the need for an Afrikaans editing dictionary was established. Fuertes-Olivera and Tarp’s (2014) function theory for specialised online dictionaries was used to compile a general user profile based on a group of editors of Afrikaans academic texts. This user profile of academic editors was then used as a guideline to compile a user guide, a home page for the online dictionary for academic editing, and two entries as examples drawn from different disciplines.

1. Inleiding en agtergrond

Die skryf van ’n tesis of navorsingsverslag is een van die belangrikste vereistes wat hoëronderwysinstellings aan nagraadse studente stel om grade te kan verwerf, volgens die organisasie Editors Canada (2012). Die redigering van studente se tesisse, asook ander akademiese tekste soos proefskrifte en vakwetenskaplike artikels, is noodsaaklik om ’n akademiese teks saam te stel en af te rond en daar is dus ’n vraag na die diens van redigeerders wat spesifiek akademiese tekste redigeer (Law, 2011: 276). Die beduidende rol van redigeerders in die saamstel en afronding van akademiese tekste word toegelig in navorsing van Van Aswegen (2007) en Kruger en Bevan-Dye (2013) waarin gefokus word op die rol van die redigeerder; in navorsing van Kruger en Bevan-Dye (2010), Law (2011) en Lourens (2014 en 2016) is riglyne en standaarde vir etiese redigering[1] van onder meer akademiese tekste daargestel. Vir die doeleindes van hierdie studie word die diens wat ’n akademiese redigeerder bied, gegrond op die riglyne van die Universiteit Stellenbosch se Taalsentrum (2019b) en Brian Mossop (2014) se uiteensetting van redigering.

Die US Taalsentrum (2019b)[2] bied twee keuses vir die redigering van akademiese tekste, naamlik omvattende redigering en redigering van die bronnelys. Hierdie keuses bied 'n uiteensetting van wat 'n akademiese redigeerder se taak behels. Dit stem ooreen met Mossop (2014: 32)[3] se indeling van redigering, naamlik inhoudelike, strukturele, stilistiese en kopieredigering. Omvattende redigering van akademiese tekste sluit in die korreksie van spel-, tik- en basiese grammatikale foute, interpunksie en die uitwys van ontoepaslike woordgebruik (US Taalsentrum, 2019b; sien ook Mossop, 2014: 42-62). Die redigeerders fokus ook daarop om die volgende aspekte te korrigeer: opskrifte, afkortings en akronieme, foutiewe aanhalings, verwysingstyl, teksinterne verwysings soos kruis- en bladsyverwysings, voet- en eindnootnommers, voorgeskrewe voorwerk (soos die titelblad, verklaring, opsomming in Afrikaans en Engels, dankbetuiging en inhoudsopgawe). Vae formulering of bewoording en moontlike dubbelsinnigheid, gebrekkige sins- en paragraafbou en stilistiese kwessies word ook uitgewys in die akademiese tekste (US Taalsentrum, 2019b; sien ook Mossop, 2014: 42-77, se beskrywing van strukturele, stilistiese en kopieredigering). Ongeag die redigering wat in 'n akademiese teks gedoen word, het die redigeerders van akademiese tekste naslaanbronne (soos 'n stylgids of normeringsbron[4]) nodig om inligting oor onder meer die bogenoemde tegniese en taalaspekte in te win én dit dan konsekwent in die akademiese teks aan te bring (Blom, 2018: 13). Linnegar (2009: 1) noem ook dat dit baie belangrik is dat 'n redigeerder konsekwente spelling, hooflettergebruik, kursivering, die gebruik van koppeltekens en die hantering van syfers in 'n akademiese teks handhaaf. Hierdie aspekte van redigering kan nie konsekwent in akademiese tekste toegepas word sonder die gebruik van 'n gestandaardiseerde naslaanbron wat op akademiese redigeerders gemik is nie (Blom, 2018: 2). Die redigeerders van Afrikaanse akademiese tekste het in die Suid-Afrikaanse konteks te make met verbandhoudende akademiese artikels wat meestal in Engels geskryf is, asook meer Engelse naslaanbronne wat beskikbaar is vir akademiese redigeerders, aangesien Engels 'n internasionale taal of lingua franca is (Blom, 2018: 1). Hierbenewens word óók in Afrikaans as wetenskapstaal geskryf en volgens die 2017 ScIELO SA-versameling word in drie van die tien mees gelese wetenskaplike tydskrifte bydraes in onder meer Afrikaans gepubliseer, insluitend die *Potchefstroom Elektroniese Regsblad* (PER), wat sesde op die lys is, *Hervormde Teologiese Studies* (HTS) wat sewende op die lys is, en die *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, wat die 10de publikasie is. Diegene wat hierdie Afrikaanse akademiese tekste redigeer, het stellig 'n Afrikaanse naslaanbron nodig wat hulle kan raadpleeg as deel van die redigeerproses.

In 'n ondersoek na die huidige Afrikaanse naslaanbronne wat vir akademiese redigeerders beskikbaar én bruikbaar is, is daar op die webblaaie van die Suid-Afrikaanse Vertalersinstituut (SAVI), die Professional Editors' Guild (PEG) en die

US Taalsentrum verskeie terminologielyste in Afrikaans beskikbaar (waaronder *Verkiesingsterminologie* of *Wiskundeterminologie* op die SAVI se webblad, en op Prolingua se webblad is skakels na die Prolingua-termlys en ander woordelyste, byvoorbeeld water- en rioolterme). Verder word daar op PEG se webblad die volgende naslaanbronne gelys: gespesialiseerde woordeboeke waarin onder meer die teoretiese aspekte en spesialisveld van teksredigering behandel word, byvoorbeeld *Teksredaksie* (hersiene uitgawe, 2010), stylgidse soos *Norme vir Afrikaans* (sesde uitgawe, 2018) en *Stylboek* (hersiene uitgawe, 2015), asook spesialiswoordeboeke vir spesifieke vakgebiede, byvoorbeeld *Regsterminologie: Straf-, Strafproses- en Bewysreg* (2015) en *Woordeboek vir die Gesondheidswetenskappe* (tweede uitgawe, 2011). Die US Taalsentrum (2019a) se webblad bied skakels na die volgende hulpbronne vir taalpraktisyns: die Taalsentrum se "Stylgids" (2012), "Style Guide" (2014) en "Afr/Eng Vertaalekwivalentlys (2019)". Daar is ook 'n skakel na die *Drietalige terminologiebron* (2019) wat terme in Afrikaans, Engels en Xhosa van ses verskillende vakgebiede bevat. Hierdie Afrikaanse naslaanbronne kom egter verspreid voor op die webblaaie van die SAVI, die PEG, die US Taalsentrum en Prolingua en nie een van hierdie bronne bevat alle aspekte wat 'n akademiese redigeerder benodig om sy/haar redigeerdiens volkome en akkuraat uit te voer nie. In 'n Engelstalige konteks is die enigste bronne wat spesifiek bewerk is vir die veld van akademiese redigering, grotendeels gerig op die student wat akademiese skryfwerk moet doen. Dit sluit programmatuur in soos ColloCaid ('n teksredigeerprogram wat woordeskat en vlotheid in akademiese skryfwerk verbeter) wat deur die UK Arts and Humanities Research Council (AHRC) befonds word, die Instituut Levende Talen se program Academic writing assistant, en 'n Engelse, Suid-Afrikaanse weergawe hiervan, naamlik *Write-it* ('n multimodale akademiese skryfhulpprogram), en 'n Afrikaanse weergawe, naamlik *Skryfhulp*, wat deur The South African Centre for Digital Language Resources (SADiLaR) befonds word. Daar is dus nog nie binne die Afrikaans- of Engelstalige konteks 'n aanlyn naslaanbron wat spesifiek vir die akademiese redigeerder as teikengebruiker saamgestel is nie. Daar is ook nog geen navorsing gedoen oor redigeerders van spesifiek Afrikaanse akademiese tekste se gebruik van beskikbare naslaanbronne en die moontlike behoefte aan 'n nuwe Afrikaanse naslaanbron of verbandhoudende programmatuur nie.

2. Probleem, doelstelling, rasionaal en navorsingsvrae

Die probleem wat uit die bogenoemde agtergrondinligting afgelei kan word, is dat daar nié 'n Afrikaanse naslaanbron is waarin al die nodige aspekte behandel word van wat 'n redigeerder in 'n akademiese teks na moet let en korrigeer nie. Hoewel bogenoemde Afrikaanse naslaanbronne nuttige afdelings vir akademiese

redigeerders bevat, is hierdie bronne nie spesifiek bewerk vir die akademiese redigeerder as teikengebruiker nie. Die doel van die studie is om 'n model vir 'n Afrikaanse aanlyn akademiese redigeerwoordeboek daar te stel. Hierdie studie is die eerste gedeelte van 'n groter projek wat ten doel het om akademiese redigeerders se werk te vergemaklik en konsekwentheid in die redigering van Afrikaanse akademiese tekste te verseker met behulp van 'n omvattende aanlyn akademiese redigeerwoordeboek. Die motivering vir die ontwerp van 'n model wat as raamwerk kan dien vir die beplanning en samestelling van 'n Afrikaanse akademiese redigeerwoordeboek, is geskoei op die feit dat sommige bestaande Afrikaanse redigeerwoordeboeke verouderd is en huidige stylgidse nie spesifiek op die akademiese redigeerder gerig is nie. Daar is ook, volgens Gouws en Prinsloo (2005: 47), 'n behoefte aan algemene en beperkte woordeboeke in die Suid-Afrikaanse leksikografiepraktyk en verder kan die model dan gebruik word om soortgelyke woordeboeke vir inheemse tale soos Xhosa en Zoeloe op te stel. In hierdie studie word dus gepoog om 'n gaping in die akademiese redigerings- en leksikografiepraktyk te vul. Die volgende twee navorsingsvrae is ondersoek om akademiese redigeerders se behoeftes vas te stel en te bepaal watter data sodanige akademiese redigeerwoordeboek behoort te bevat.

Navorsingsvraag 1: Watter probleme of tekortkominge ondervind redigeerders wat betref die bestaande naslaanbronne wat beskikbaar is in Afrikaans?

Navorsingsvraag 2: Hoe vergelyk die naslaanbronne vir redigeerders wat tans in Afrikaans bestaan, naamlik die jongste weergawe van die *Afrikaanse woordelys en spelreëls* (AWS), 11de uitgawe (2017), en *Skryf Afrikaans van A tot Z* (2011), teenoor naslaanbronne in Engels, te wete die *Publication Manual of the American Psychological Association* (2001), *New Hart's Rules* (2005), *Butcher's Copy-editing* (2006) en *The Chicago Manual of Style* (2010)?

3. Metodologie

Kwalitatiewe navorsing oor die gebruikersbehoeftes van akademiese redigeerders en die inhoud van verskillende Afrikaanse en Engelse naslaanbronne is in 2017 en 2018 binne die raamwerk van 'n ondersoekende navorsingsontwerp (*explorative design*) ingesamel deur gebruik te maak van Denscombe (2010) se opname- en gevallestudie-strategieë. Inligting oor akademiese redigering en meer spesifiek Afrikaanse naslaanbronne vir akademiese redigeerders is beperk, en 'n ondersoekende navorsingsontwerp is gevolg om meer insig oor die werklike stand van naslaanbronne in die akademiese redigeerpraktyk te kry. Die studie is tweeledig en volgens die bogenoemde twee navorsingsvrae uitgevoer. Dit is gedoen om, eerstens, ondersoek in te stel na redigeerders van Afrikaanse

akademiese tekste se beskouings en gebruik van huidige naslaanbronne en, tweedens, om te bepaal wat die werklike stand van die inhoud is van Afrikaanse en Engelse naslaanbronne wat hierdie redigeerders tot hulle beskikking het.

3.1 *Vraag 1: Opname-strategie*

Die eerste navorsingsvraag is beantwoord deur 'n kwalitatiewe ondersoek te doen van die redigeerders se probleme en/of tekortkominge wat Afrikaanse naslaanbronne betref. 'n Opname-strategie is gebruik deur oopeinde-vraelyste te stuur aan Suid-Afrikaanse vryskutredigeerders wat onder andere akademiese redigering in Afrikaans doen. Opnames is effektief wanneer spesifieke probleme gehanteer word, soos in hierdie geval die vryskutredigeerders se kwessies betreffende Afrikaanse naslaanbronne (Denscombe, 2010: 12). Volgens Denscombe (2010: 12) help 'n opname ook wanneer die navorser vooraf weet watter faktore belangrik is en watter inligting ingesamel moet word. In hierdie studie het die navorser geweet dat meer inligting oor die akademiese redigeerder se behoeftes benodig word, sodat 'n gebruikersprofiel vir 'n Afrikaanse akademiese redigeerwoordeboek opgestel kon word.

'n Internetopname is gebruik waarvolgens 'n vraelys aan 'n e-posboodskap geheg en aan vryskutredigeerders van akademiese tekste uitgestuur[5] is. Die vryskutredigeerders wat ingestem het om deel te neem aan die studie is deur die navorser gekontak en die vraelys is uitgestuur aan die 20 vryskutredigeerders. Voltooide vraelyste is van 19 van die vryskutredigeerders ontvang. Die antwoorde van die 19 oopeinde-vraelyste is daarna bewerk volgens die ses stappe wat in Cerritos College se *A Brief Guide to the Analysis of Open-Ended Survey Questions* (2016) gelys word. Hierdie ses stappe behels onder meer dat die navorser koderingskategorieë moet ontwikkel en die redigeerders se antwoorde daarvolgens moet indeel. Die antwoorde is dus beter georganiseer en die navorser kan patrone en tendense ten opsigte van die akademiese redigeerder se behoeftes identifiseer (Cerritos College, 2016).

3.2 *Vraag 2: Gevallestudie-strategie*

Ten opsigte van die tweede navorsingsvraag word die inhoud van die geselekteerde Afrikaanse en Engelse naslaanbronne vergelyk om die werklike inhoud te bepaal van naslaanbronne wat in die akademiese redigeerpraktyk gebruik word. 'n Gevallestudie-strategie is vir die verskillende naslaanbronne gebruik om volgens Denscombe (2010: 53) verskillende situasies met mekaar te vergelyk en iets uit die situasies se ooreenkomste en verskille te leer (soos

byvoorbeeld in watter opsigte die inhoud van Afrikaanse naslaanbronne aan die hand van Engelse naslaanbronne se inhoud verbeter kan word). Dit is wel belangrik om te noem dat daar volgens Denscombe (2010: 62) nie veralgemenings van die resultate van 'n vergelykende studie gemaak kan word nie. Daar word dus nie gesê dat enige van die naslaanbronne wat gebruik is onvoldoende is nie, aangesien die ondersoek slegs fokus op die bruikbaarheid van die inhoud ten opsigte van die akademiese redigeerder se behoeftes. Hierteenoor is die naslaanbronne se inhoud moontlik bruikbaar vir algemene taalpraktisyns of voorgraadse studente wat slegs na algemene spelreëls op soek is. Die inhoud van hierdie naslaanbronne is nie beskryf deur gebruik te maak van 'n konkrete insamelingsinstrument nie. Die navorser het net die antwoorde van die redigeerders in die eerste navorsingsvraag en die redigeerriglyne van die US Taalsentrum (soos bespreek in afdeling 1) gebruik om die inhoudsopgawes van die Afrikaanse en Engelse naslaanbronne te meet ten opsigte van watter inligting die akademiese redigeerder benodig en watter rol hulle in die redigeerproses behoort te speel. Die 11de uitgawe van die *Afikaanse woordelys en spelreëls* (2017) en die tweede uitgawe van *Skryf Afrikaans van A tot Z* (2011) is geselekteer aangesien hierdie twee bronne ingesluit is by die vryskutredigeerders se drie voorste naslaanbronne wat vir akademiese redigering geraadpleeg word (sien afdeling 4.1, vraag 2). Verder bevat hierdie bronne ook taal-, spel- en interpunksiereëls wat ooreenstem met die US Taalsentrum (2019b) se uiteensetting van die redigeerder se rol. Die *Publication Manual of the American Psychological Association* (2001), *New Hart's Rules* (2005), *Butcher's Copy-editing* (2006) en *The Chicago Manual of Style* (2010) is uit 'n groot korpus Engelse naslaanbronne geselekteer, aangesien hierdie bronne ook deels inligting bevat wat die akademiese redigeerder kan benut. Dit sluit afdelings in waarin spesifieke vakgebiede behandel word, asook inligting oor die rolbeskrywing van die akademiese redigeerder, byvoorbeeld 'n verduideliking van wat kopieredigering behels en 'n stylbladsy vir kopieredigeringstake.

4. Resultate

4.1 *Navorsingsvraag 1: Vraelyste aan vryskutredigeerders*

Na aanleiding van die eerste navorsingsvraag is die tekortkominge van die bronne wat die vryskutredigeerders gebruik, en hul behoeftes ten opsigte van 'n Afrikaanse aanlyn akademiese redigeerwoordeboek op grond van die onderstaande agt vrae vasgestel. Die resultate van die 19 vraelyste word hieronder bespreek en by sommige vrae word die antwoorde volgens koderingskategorieë in figure aangedui.



Figuur 1: Verskillende naslaanbronne wat 'n redigeerder vir die redigering van Afrikaanse akademiese tekste raadpleeg (Blom, 2018: 43).

Vraag 1: Watter tipe redigering gebruik u meer tydens die redigering van Afrikaanse akademiese tekste? Omvattende of ligte redigering?

Die rolomskrywing van die akademiese redigeerders is eerstens ten opsigte van die US Taalsentrum (2019b) se uiteensetting van die redigeerders se take vasgestel. Uit die resultate blyk dit 68% van die redigeerders omvattende redigering uitvoer en dus die volgende aspekte in 'n akademiese teks behoort te redigeer: probleme met sins- en paragraafbou, stilistiese probleme, opskrifte, verwysingstyl, interne verwysings soos kruisverwysings, bladsyverwysings, voet- en eindnootnommers en die inhoudsopgawe (US Taalsentrum, 2019b). Hierby kan ook gevoeg word die regstel van afkortings en akronieme, foutiewe aanhalings, voorgeskrewe voorwerk (soos die titelblad, verklaring, opsomming in Afrikaans en Engels, dankbetuiging en inhoudsopgawe) en die uitwys van vae formulering/bewoording, moontlike dubbelsinnigheid, probleme met sins- en paragraafbou, en stilistiese probleme (US Taalsentrum, 2019b). Die redigeerders sal dus 'n naslaanbron raadpleeg om onder andere inligting oor hierdie tegniese- en taalaspekte te kry.

Vraag 2: Van watter naslaanbronne maak u gebruik tydens die redigering van Afrikaanse akademiese tekste om inligting te bekom oor die bogenoemde aspekte wat onder die kategorieë van omvattende of ligte redigering val?

Figuur 1 lys die verskillende naslaanbronne wat deur redigeerders gebruik word tydens die redigering van Afrikaanse akademiese tekste. Soos reeds genoem, toon

die figuur aan dat die *Afrikaanse woordelys en spelreëls* (AWS) en *Skryf Afrikaans van A tot Z* (SAAZ) die tweede en derde meeste deur redigeerders geraadpleeg word en daarom is daar ook besluit om die inhoud van hierdie bronne met die Engelse naslaanbronne se inhoud te vergelyk.

Vraag 3: Is die bronne wat beskikbaar is in Afrikaans voldoende om u te help tydens die redigeerproses? Motiveer u antwoord.

By vraag 3 het slegs 5% van die redigeerders aangetoon dat die naslaanbronne voldoende is vir die redigeerproses. Hierteenoor het 48% aangetoon dat dit meestal voldoende is en 47% dat die bronne nie voldoende is nie. Van die redes wat verstrek is waarom die bronne nog nie heeltemal aan die redigeerders se vereistes voldoen nie (Blom, 2018: 44-45), sluit in die volgende opmerkings:

- "[M]eer moeite kan gedoen word om die betroubaarheid van vrylik bekombare aanlyn bronne te verseker."
- "Wanneer dit kom by akademiese redigering is die bronne nie voldoende vir die tegniese en vakspesifieke terme wat ek dikwels moet opsoek nie. Ek spandeer dan baie tyd op die internet om die Engelse ekwivalent te ondersoek om'n beter begrip te kry van die spesifieke term."
- "[V]eral wanneer tegniese of rekenaartaal ter sprake is, kom die woorde soms nie voor in die woordeboeke of op die internet nie. Forums op Facebook kom dan handig te pas."
- "In Engels is daar soveel meer bronne hetsy in harde kopie of op die internet."
- "'n Veel groter verskeidenheid kundige bronne/blogs/gespreksgroepe [is] in Engels beskikbaar."

'n Akademiese redigeerwoordeboek moet dus betroubaar en gesaghebbend wees, sodat die redigeerders aanwysings met selfvertroue kan toepas in akademiese tekste. Die enigste manier om dit te verseker, is om seker te maak dat die samestellingsproses van die woordeboek multidissiplinêr is (Fuertes-Olivera en Tarp, 2014: 192), met ander woorde, die span wat verantwoordelik is vir die samestelling van sodanige akademiese redigeerwoordeboek moet bestaan uit leksikograwe, ervare akademiese redigeerders, vakspesialiste van verskillende vakgebiede, asook programmeerders en kenners van inligtingstegnologie (Blom, 2018: 24). Die vakspesialiste sal dan ook kan help om die redigeerders se gebrekkige kennis van tegniese en vakspesifieke terme in Afrikaans te oorbrug, want soos die redigeerders noem, is daar meer bronne en gespreksgroepe vir redigeerders van Engelse tekste beskikbaar.

Vraag 4: Watter onduidelikhede en tekortkominge het die Afrikaanse naslaanbronne wat u gebruik tydens die redigering van akademiese tekste?

Die vryskutredigeerders het aangetoon dat hulle grootste tekortkominge in

die Afrikaanse naslaanbronne vakverwante terminologie soos rekenaarterme, ruimtevaarttegnologie en bemarkingstekste is. Die betroubaarheid van hierdie terminologie word weereens beklemtoon deurdat een van die redigeerders meen dat "[t]erminologielyste wat wel op die internet beskikbaar is, dikwels onbetroubaar is omdat dit nie amptelike lyste is nie, maar opgestel [is] deur individue wat juis probeer het om die probleem aan te spreek" (Blom, 2018: 54). Buiten die feit dat daar vir die akademiese redigeerwoordeboek, soos in vraag drie genoem, nuwe Afrikaanse terminologie deur vakspesialiste saamgestel moet word, moet ook, soos Alberts (2017: 42) noem, gepoog word om 'n samewerkingsooreenkoms tussen Prolingua en ander instansies soos die SAVI, SAAWK, VivA, CtexT en Afrilex te bewerkstellig, sodat bestaande terminologie vertaal en in 'n verskeidenheid dissiplines ontwikkel en beskikbaar gestel kan word. Die akademiese redigeerders kan dan deur middel van hiperskakels in die akademiese redigeerwoordeboek ook toegang tot bestaande vakwoordeboeke en terminologielyste kry.

Vraag 5: Dink u die veld van akademiese redigering kan baat vind by 'n Afrikaanse naslaanbron wat spesifiek gemik is op die redigeerder van akademiese tekste as teikengebruiker? Motiveer u antwoord.

In hul antwoorde op vraag vyf het 79% van die redigeerders aangetoon dat die veld van akademiese redigering sal baat by 'n nuwe Afrikaanse naslaanbron. Een van die redigeerders het genoem dat "daar net 'n beperke aantal erkende naslaanbronne vir Afrikaanse redigeerders bestaan [en] een wat spesifiek op Afrikaanse akademiese redigering gemik is, [sal] die redigeerproses vergemaklik aangesien die redigeerder dan net in een bron hoef te soek" (Blom, 2018: 47). Die Afrikaanse aanlyn akademiese redigeerwoordeboek sal dus 'n omvattende bron vir redigeerders wees, waar hulle al die nodige inligting op een plek kan kry. Die redigeerders het ook genoem dat die meeste van hulle oor soortgelyke kwessies twyfel en 'n gestandaardiseerde bron sal dan 'n groter sin vir eenheid onder redigeerders kan skep, asook "help om nuweling redigeerders [*sic*] op te lei, wat konsekwentheid in akademiese tekste sal bevorder" (Blom, 2018: 47).

Vraag 6: Watter inligting sal u as redigeerder graag in 'n Afrikaanse naslaanbron vir akademiese redigeringsdoeleindes wil hê?

Die drie hoofvereistes vir die akademiese redigeerwoordeboek is die tegniese aspekte van akademiese tekste soos inhoudsopgawes en die indeling van hoofstukke (sien figuur 2), taal-, spel- en interpunksiereëls (sien figuur 3), en ander inligting soos vakterme van verskillende vakgebiede, afkortings en 'n beskrywing van die redigeerder se rol (sien figuur 4). By hierdie vraag het een van

die redigeerders ook genoem dat daar buiten die algemene terminologielyste "'[v]eel voorkomende redigeerkwessies' binne vakgebiede opgeteken en deur spesialiste bespreek [kan] word" (Blom, 2018: 55).



Figuur 2: Die tegniese aspekte wat in die akademiese redigeerwoordeboek opgeneem behoort te word aan die hand van respondente te terugvoering (Blom, 2018: 48)



Figuur 3: Die taal-, spel- en interpunksiereëls wat in die akademiese redigeerwoordeboek opgeneem behoort te word (Blom, 2018: 49).



Figuur 4: Ander inligting wat in die akademiese redigeerwoordeboek opgeneem behoort te word (Blom, 2018: 49).

Vraag 7: Indien ’n naslaanbron vir akademiese redigeringsdoeleindes ontwerp moet word, sal u verkies dat dit ’n gedrukte of elektroniese bron is?

In antwoord op vraag sewe het 74% van die redigeerders aangedui dat die akademiese redigeerwoordeboek aanlyn moet wees. Praktiese redes wat hiervoor gegee word, is dat “inligting beter bygehou [kan] word en soektogte vinniger en makliker [is]”, daar “die funksie [is] om te kan copy en paste uit die bron”, en “dit [dit] ook makliker maak vir redigeerders wat nie altyd op dieselfde plek werk nie en tog altyd die bron by hulle wil hê wanneer hulle werk” (Blom, 2018: 50).

Vraag 8: Is daar enige ander kommentaar wat u wil byvoeg rakende die kwessie van Afrikaanse naslaanbronne tydens die redigering van Afrikaanse akademiese tekste?

By die laaste vraag het een van die redigeerders genoem dat “daar ’n gaping tussen die Afrikaanse spreektaal, die Afrikaanse akademiese taal en die Engelse invloed van bronne en verwysingsmetodes [bestaan]” en dat ’n nuwe naslaanbron kan help om hierdie gaping te vul (Blom, 2018: 56). Daar is ook genoem dat “’n [s]wak akademiese teks die redigeerder tot oorskryf [verlei] en so ’n bron kan dalk riglyne verskaf oor wat toelaatbaar is en wat nie” (Blom, 2018: 51). Etiese riglyne oor die rolbeskrywing van die akademiese redigeerder moet verskaf word, sodat die redigeerder weet watter aspekte hy/sy in die akademiese teks mag korrigeer en wanneer hy/sy slegs kommentaar op ’n teksgedeelte mag lewer.

1. AFRIKAANSE WOORDELYS EN SPELREËLS (2017)	2. SKRYF AFRIKAANS VAN A TOT Z (2011)	3. BUTCHER'S COPY-EDITING (2006)	4. THE CHICAGO MANUAL OF STYLE (2010)	5. PUBLICATION MANUAL (2001)	6. NEW HART'S RULES (2005)
Spelreëls - Afkortings - Getalle, syfers en simbole - Hoof- en kleinletters - Koppelteken - Leestekens - Skryfwyse – los en vas - Wisseling en subkategorieë Bylaes - Lys afkortings en simbole - Lys elemente in die periodieke tabel - Die SI-stelsel: gebruiksriglyne	Deel I - Die praktyk van wetenskaplike Afrikaanse teksversorging Deel II - A tot Z oor taalkwessies Deel III - Afkortings en simbole - Hoofletters en kleinletters - Lees- en skryftekens - Verwysings in skryfwerk - Woordorde - Proefleestekens	- What is copy-editing? - Various legal aspects - How much copy-editing to do - Graphs - House Style[1] - Preliminary pages[2] - Running heads - Headings - Tables - Bibliographical references Appendixes - Checklist of copy-editing - Proof correction symbols	- Grammar and usage - Punctuation - Spelling, distinctive treatment of words, and compounds - Names and terms - Numbers - Tables - Mathematics in type - Abbreviations	- APA editorial style[3] - Reference list - Theses, dissertations, and student papers	- Spelling and hyphenation - Punctuation - Capitalization - Names - Italic, roman, and other type treatments - Work titles in text - Abbreviations and symbols - Numbers and dates - Law and legal references - Science, mathematics, and computing - Lists and tables - Notes and references - Bibliography - Copyright and other publishing responsibilities

[1] "House style" sluit in: Abbreviations, Capitalization, Cross-references, Italics, Numbers, Proper names, Punctuation, Spelling.
[2] "Preliminary pages" sluit in: Contents list, Other lists, List of tables, List of abbreviations.
[3] "APA Editorial Style" sluit in: Punctuation, Spelling, Capitalization, Italics, Abbreviations, Headings and Series, Quotations, Numbers, Metrication, Statistical and Mathematical Copy, Tables, Figures, Footnotes and Notes, Reference citations in text.

Tabel 1: Nuttige inligting vir die akademiese redigeerder

4.2 *Navorsingsvraag 2: Vergelykende studie van naslaanbronne*

Die inhoudsopgawes van die *Afrikaanse woordelys en spelreëls* (AWS, 2017), *Skryf Afrikaans van A tot Z* (2011), *Publication Manual of the American Psychological Association* (2001), *New Hart's Rules* (2005), *Butcher's Copy-editing* (2006) en The *Chicago Manual of Style* (2010) is in Blom (2018: 52) opgesom ten opsigte van die inligting in die onderskeie bronne wat akademiese redigeerders nuttig sal vind (sien tabel 1). In die eerste twee kolomme van die tabel is dit duidelik dat, soos wat die vryskutredigeerders in vraag 2 op die vraelys aangedui het, die AWS en SAAZ wel nuttige afdelings vir die akademiese redigeerder bevat. In die 2017-uitgawe van die AWS sal die spelreëlafdeling, die afdeling oor die gespesialiseerde gebruik van leestekens, asook bylaes met gebruiksriglyne oor die SI-stelsel wat merendeels in wetenskaplike en wiskundige rigtings gebruik word, nuttig wees vir die akademiese redigeerder. Die praktyk van professionele, wetenskaplike teksversorging in deel I van die 2011-uitgawe van SAAZ kan vir die akademiese redigeerder nuttig wees, asook 'n lys van voorbeelde en verduidelikings in deel II van die algemeenste soorte foute wat in Afrikaanse skryf- en redigeerwerk gemaak word. Die afdelings in deel III, soos die gedeelte oor verwysings in skryfwerk, sal ook deur die akademiese redigeerder geraadpleeg kan word. Die hoofkwessie is steeds, soos reeds genoem, die feit dat hierdie twee bronne nie spesifiek op die teksversorging van akademiese tekste gerig is nie en daarom bevat die naslaanbronne nie noodwendig genoeg voorbeelde wat in die konteks van 'n akademiese teks verskyn nie en is die bronne nie uitgebreid genoeg vir die akademiese redigeerder nie (Blom, 2018: 57). Die nuttige inligting vir akademiese redigeerders in die Engelse naslaanbronne sluit in: inligting oor die praktyk van akademiese redigering en die afdelings "What is copy-editing", "Various legal aspects", "How much copy-editing to do", "Checklist of copy-editing" en "Proof correction symbols" (sien kolom 3); "Theses, dissertations, and Student Papers" (sien kolom 5); en "Copyright and other publishing responsibilities" (sien kolom 6). Die tegniese aspekte van akademiese tekste kom in al vier die bronne voor en dit is inligting oor verwysings, asook die opskrifte en titels in 'n teks (sien kolomme 3, 5 en 6) en die inligting oor die gebruik van tabelle, lyste en grafieke in 'n teks (sien kolom 4). Verder bevat al vier die naslaanbronne ook taal-, spel- en interpunksiereëls in onder meer die afdelings "House Style" (sien kolom 3), "Punctuation" en "Spelling, Distinctive Treatment of Words, and Compounds" (sien kolom 4), "APA Editorial Style" (sien kolom 5), en "Spelling and hyphenation", "Punctuation" en "Capitalization" (sien kolom 6). Die gebruik van kursivering en Romeinse syfers word ook in *Butcher's copy-editing*, *Publication*

Manual of the American Psychological Association en *New Hart's Rules* behandel. *New Hart's Rules* bevat ook vakkundige inligting in afdelings oor die wetenskap, wiskunde, rekenaars, en wette en verwysings na wette (sien kolom 6). Die gevolgtrekking is dat nie een van die bogenoemde bronne al die inligting wat bruikbaar is vir 'n akademiese redigeerder volledig op een plek saamvat nie en dit is weereens duidelik dat die nuttige inligting in Afrikaanse en Engelse naslaanbronne gefragmenteerd is. Redigeerders se opsoek- en redigeerproses word verleng, aangesien te veel bronne geraadpleeg moet word en redigeerders nie seker is watter inligting hulle as betroubaar kan beskou nie (Blom, 2018: 61). Hierteenoor sal 'n gestandaardiseerde naslaanbron wat spesifiek gemik is op akademiese redigeerders as teikengebruikers, soos een van die redigeerders in die vraelys genoem het, "'n groter sin vir eenheid onder redigeerders skep", aangesien al die inligting op een plek beskikbaar sal wees (Blom, 2018: 47). Die nuttige inligting in tabel 1 kan dus as 'n raamwerk gebruik word en aangepas word vir die akademiese redigeerwoordeboek sodat die redigeerder dit in die redigeerproses van Afrikaanse akademiese tekste kan toepas.

5. 'n Teoretiese model vir 'n Afrikaanse aanlyn akademiese redigeerwoordeboek

Teen die agtergrond van die vraelys en vergelykende studie se resultate kan daar tot die gevolgtrekking gekom word dat daar wel ruimte en 'n behoefte is vir 'n naslaanbron wat op die behoeftes van redigeerders van Afrikaanse akademiese tekste gemik is (Blom, 2018: 61). Hierdie behoefte het aandag gekry deur 'n woordeboekmodel op grond van Fuertes-Olivera en Tarp (2014: 197) se funksieteorie vir gespesialiseerde aanlyn woordeboeke saam te stel. Die kernbeginsels van Fuertes-Olivera en Tarp (2014) se funksieteorie, naamlik die gebruikers, die gebruikers se eienskappe, die gebruiksituasie en die gebruikers se behoeftes (Tarp, 2000: 196), is as teoretiese raamwerk en metodologie gebruik om soos Tarp (2000: 198) voorstel, op grond van hierdie funksies 'n uiteensetting te gee van 'n geïntegreerde model van 'n leksikografiese naslaanbron. Fuertes-Olivera en Tarp (2014: 192) verdeel die ontwerp, samestelling en bywerking van gespesialiseerde aanlyn woordeboeke in drie fases, naamlik die presamestellingsfase, die samestellingsfase en die postsamestellingsfase. Die model vir die akademiese redigeerwoordeboek is hoofsaaklik volgens Fuertes-Olivera en Tarp (2014: 192) se presamestellingsfase en samestellingsfase ontwerp, nadat hierdie fases gebruik is om die akademiese redigeerwoordeboek se funksies en datatipes vas te stel. In die presamestellingsfase moet besluite geneem word oor die potensiële gebruikers en leksikografies relevante inligtingsbehoeftes wat hierdie gebruikers

in ’n spesifieke konteks kan hê (Fuertes-Olivera en Tarp, 2014: 197). Die Suid-Afrikaanse vryskutredigeerders van Afrikaanse akademiese tekste se behoeftes ten opsigte van Afrikaanse naslaanbronne is in die presamestellingsfase deur middel van die oopeinde-vraelys (soos bespreek in afdeling 4.1) ondersoek. Die resultate van hierdie empiriese studie en vergelykende studie (soos bespreek in afdeling 4.2) is gebruik om die akademiese redigeerder se behoeftes in die onderstaande tabel 2, soos aangepas uit (Blom, 2018: 66) op te som. In hierdie tabel bestaan die gebruikersprofiel van die akademiese redigeerwoordeboek, eerstens, uit eienskappe van gevorderde akademiese redigeerders, asook die studente wat steeds opleiding ontvang om as redigeerders te praktiseer. Tweedens, bestaan dit uit die behoeftes van die akademiese redigeerders wat opgestel is op grond van die aspekte soos uiteengesit is in figuur 2, 3 en 4 en laastens uit die situasies waarin die akademiese redigeerders die akademiese redigeerwoordeboek kan benodig en watter funksies dit dus moet vervul om ’n bruikbare bron in hierdie situasies te wees en aan die akademiese redigeerders se behoeftes te voldoen.

Teikengebruikers en eienskappe	1. Gevorderde akademiese redigeerders, tweedejaar-, derdejaar- en nagraadse studente (semideskundiges/leke ten opsigte van die verskillende vakgebiede)
Gebruikersbehoeftes	1. **Primêre gebruikersbehoeftes:** Akademiese redigeerders het ’n behoefte aan: - tegniese aspekte (akademiese verwysingstelsels; formate van verskillende tekste; inhoudsopgawes; indeling en nommering van hoofstukke; formate van tabelle, lyste en grafieke) - taal-, spel- en interpunksiereëls (hooflettergebruik, sinskonstruksie, koppeltekenwoorde) - Ander inligting soos: vakterme van verskillende vakgebiede - afkortings en akronieme - beskrywing van die redigeerder se rol - eiename wat gereeld in die akademie gebruik word - uitvoerige voorbeeldmateriaal wat van toepassing is op akademiese Afrikaans 2. **Sekondêre gebruikersbehoeftes:** ’n Gebruikersleiding wat vir die redigeerders aandui hoe om die aanlyn woordeboek te gebruik

Gebruiksituasies en ooreenstemmende funksies	1. **Kommunikatiewe situasies** - Teksresepsie, teksproduksie en teksregstelling 2. **Kognitiewe situasies** - Inligting oor die spesifieke vakgebied waarin teks geskryf is, byvoorbeeld chemie 3. **Operatiewe situasies** - Redigeerriglyne wat instruksies gee ten opsigte van die mate waarin dit eties aanvaarbaar is om 'n akademiese teks te redigeer - Inligting oor die spesialisveld van akademiese redigering

Tabel 2: Gebruikersprofiel vir die akademiese redigeerwoordeboek

Volgens Fuertes-Olivera en Tarp (2014: 198) hang die samestellingsfase gedeeltelik saam met die presamestellingsfase aangesien daar nog besluite is wat die span moet neem voordat die woordeboek of woordeboekmodel saamgestel kan word. Die eerste taak van die samestellingsfase is om 'n leksikografiese databasis saam te stel om die data wat bruikbaar is vir die akademiese redigeerders te stoor. Die gebruiksituasies (kommunikatiewe, kognitiewe en operatiewe situasies) en ooreenstemmende funksies (teksproduksie, teksresepsie, teksregstelling, ekstra inligting oor spesifieke vakgebiede en riglyne oor etiese redigering) in tabel 2 is gebruik om in tabel 3 (soos aangepas uit Blom, 2018: 28) 'n uiteensetting te gee van die datatipes wat moontlik in 'n leksikografiese databasis vir die akademiese redigeerwoordeboek ingesluit kan word.

Die onderskeie datatipes word in die linkerkantse kolom gelys en die rede waarom hierdie datatipe in die akademiese redigeerwoordeboek kan verskyn, word in die regterkantse kolom gelys. 'n Tipiese inskrywing in die akademiese redigeerwoordeboek sal 'n lemma en 'n betekenisparafrase van die lemma bevat, asook waar dit van toepassing is, koteksinligting soos bykomende grammatikale data of kollokasies van die lemma wat die redigeerder kan help om die lemma in 'n akademiese teks te gebruik of te verstaan. Verder is dit belangrik dat daar koteksinskrywings soos voorbeeldsinne verskaf word, sodat die redigeerder kan sien hoe om 'n lemma binne die sinskonteks van 'n akademiese teks te gebruik. Die leksikografiese en proskriptiewe[6] notas gee ook vir die redigeerder meer duidelikheid oor die korrekte gebruik van die lemma in byvoorbeeld 'n spesifieke vakrigting. Indien die spesifieke inskrywing van die lemma nie voldoende is nie

kan die redigeerder altyd met behulp van hiperskakels na óf ’n kruisverwysing na ’n ander inskrywing in die akademiese redigeerwoordeboek gaan, óf ’n eksterne bron, soos ’n ander aanlyn woordeboek of webblad.

Datatipe	**Rasionaal**
Lemma	Die meeste woordeboeke beskryf lemmas
Grammatikale data	Verbuigings van die lemma om die redigeerders te help met teksproduksie, asook reëls oor korrekte sinskonstruksies
Betekenisparafrase	Die betekenis(se) van die lemma om die redigeerders te help in kommunikatiewe situasies: teksproduksie, teksregstelling en moontlik teksresepsiefunksie
Kollokasies	Kort en lang frases om die redigeerders te help in kommunikatiewe situasies: teksproduksie en teksregstelling
Voorbeelde	Volsinne wat die lemma in gebruik aantoon om die redigeerders te help in kognitiewe en kommunikatiewe situasies: teksproduksie en teksregstelling
Ekstra bron	Hiperskakels na eksterne tekste om die redigeerders te help in kognitiewe, operatiewe en kommunikatiewe situasies: teksproduksie, teksresepsie en teksregstelling
Leksikografiese notas	Gebruiksnotas wat geadresseer is aan die lemma en die spesifieke gebruik en kulturele besonderhede aantoon om die redigeerders te help in kognitiewe en operatiewe situasies
Proskriptiewe notas	Notas wat gebruik word vir die aanbeveling van spesifieke lemmas om die redigeerders te help in kommunikatiewe situasies: teksproduksie, teksregstelling en moontlik teksresepsie. Die notas kan ook as etiese riglyne aangebied word wat vir die redigeerder in operatiewe situasies riglyne gee oor hoe baie hy/sy mag redigeer aan ’n spesifieke kwessie
Kruisverwysings	Hiperskakels na interne tekste om die redigeerders te help in kognitiewe en kommunikatiewe situasies: teksproduksie, teksresepsie en teksregstelling

Tabel 3: Datatipes in die leksikografiese databasis vir ’n akademiese redigeerwoordeboek

Die gebruikersprofiel van die akademiese redigeerder in tabel 2 en die data wat die akademiese redigeerwoordeboek behoort te bevat in tabel 3 is as riglyn gebruik om die samestellingsfase van die model vir 'n Afrikaanse aanlyn akademiese redigeerwoordeboek uit te voer. Die woordeboekmodel (soos uiteengesit in (Blom, 2018: 68-75) bestaan uit 'n tuisbladsy (sien skermgreep 1), 'n minihulp-gebruikersleiding (sien skermgreep 2) en inskrywings van voorbeelde uit verskillende vakgebiede (sien skermgrepe 3 en 4). In skermgreep 1 word die tuisbladsy van Blom se 2018-woordeboekmodel aangetoon. Die tuisbladsy bevat soveel moontlik afdelings wat die akademiese redigeerder kan benut en dien as 'n eenstopdiens, aangesien die inligting in huidige naslaanbronne te gefragmenteerd is (Blom, 2018: 67).



Skermgreep 1: Struktuur van die tuisbladsy vir die akademiese redigeerwoordeboek

In die onderstaande kort gebruikersleiding word die funksies van die akademiese redigeerwoordeboek uiteengesit, sodat die akademiese redigeerder presies weet watter inligting hy/sy kan verwag indien daar op die betrokke ikoon geklik word.

In skermgrepe 3 en 4 word inskrywings uiteengesit wat binne die afdelings "Tabelle en grafieke" en "Afkortings en akronieme" op die tuisbladsy van die redigeerwoordeboek voorkom. In die eerste inskrywing word voorbeelde verskaf van hoe tabelle en grafieke se opskrifte gestruktureer kan word en hierdie inskrywing is gekies omdat akademiese redigeerders, soos aangedui in tabel 2, 'n behoefte het aan riglyne oor hoe om die tegniese aspekte in

akademiese tekste, onder meer die formate van tabelle, lyste en grafieke, korrek en konsekwent aan te bring. Die tweede inskrywing is ook gekies in ooreenstemming met die gebruikersprofiel van die akademiese redigeerder in tabel 2. In hierdie inskrywing word 'n akroniem, "DNA/DNS", omskryf deur onder meer aandag te gee aan die gebruik van kursivering en koppeltekenwoorde.

IKOON	FUNKSIE
SOEK	Tik 'n woord/frase in die *soek*-blok indien jy nie seker is in watter afdeling die antwoord vir die vraag sal voorkom nie.
SOEK VERDER	Tik 'n sin in die *soek verder*-blok indien jy nie seker is in watter afdeling die antwoord vir die vraag sal voorkom nie.
GETALLE, SYFERS EN SIMBOLE	Klik op die afdeling se ikoon, byvoorbeeld *getalle, syfers en simbole* indien jy 'n vraag het wat binne 'n spesifieke afdeling val. Indien die kleur van die volgende skerm ooreenstem met die kleur van die afdeling se ikoon, is jy op die regte pad!
ANTWOORD	Klik op die *Antwoord*-ikoon om 'n uitgebreide definisie van die woord, frase of sin binne die konteks van Afrikaanse akademiese tekste te kry.
NOTA	Klik op die *Nota*-ikoon vir ekstra inligting oor die woord, frase of sin, asook aanbevelings vir die gebruik van die spesifieke woord, frase of sin.
VOORBEELD	Klik op die *Voorbeeld*-ikoon vir volsinne wat die woord of frase in 'n akademiese konteks aantoon.
EKSTRA BRONNE	Klik op die *Ekstra bronne*-ikoon vir hiperskakels na eksterne tekste of woordeboeke om meer inligting oor die spesifieke woord of frase te kry.
SIEN OOK	Klik op die *Sien ook*-ikoon vir hiperskakels na interne tekste om die woord of frase binne die konteks van 'n ander afdeling aan te dui.

Skermgreep 2: Kort gebruikersleiding vir 'n akademiese redigeerwoordeboek

TABELLE EN GRAFIEKE

Waar moet tabelle en grafieke se opskrifte geplaas word en word dit in vetdruk geskryf?

SOEK VERDER

ANTWOORD

Die titel van 'n figuur moet onderaan die figuur geplaas word, en dié van 'n tabel boaan die tabel. Tabelle en figure se opskrifte word gedeeltelik in vetdruk geskryf, want slegs die tabel of figuur se nommer moet in vetdruk wees. Sien die voorbeeld.

NOTA

Onthou om die tabel of figuur so na moontlik aan die paragraaf waarin dit die eerste keer vermeld word, te plaas.
Die tabel of figuur moet volgens die hoofstuk waarin dit verskyn, genommer word. In hoofstuk 3 sal die eerste figuur 'Figuur 3.1' genommer word en in hoofstuk 5 sal die tweede tabel 'Tabel 5.2' genommer word. Sien die voorbeeld.

VOORBEELD



Figuur 3.1: Die persentasie studente wat hulle opstelle laat speltoets voor inlewering

Skermgreep 3: Inskrywing uit die afdeling "Tabelle en grafieke

AFKORTINGS EN AKRONIEME

Moet DNA of DNS in Afrikaans gebruik word?
Moet daar punte tussen of ná die letters geskryf word?

SOEK VERDER

ANTWOORD

Albei akronieme word in die praktyk gebruik, maar DNS is Afrikaans en DNA is Engels. Sien voorbeeld.

Die akroniem word sonder enige punte geskryf.

NOTA

Die akroniem DNA is afgelei van die Engelse woord *deoxyribonucleic acid*. Die 'A' staan dus vir *acid*. Indien dieselfde reël in Afrikaans gevolg word sal DNS gebruik word aangesien *deoksiribonukleïensuur* die Afrikaanse vertaling is en die 'S' dus vir *suur* staan.

VOORBEELD

"Toerusting om **DNS-monsters** van renosters te ontleed, is in samewerking met die departement van genetika by Onderstepoort (Universiteit van Pretoria), die Nasionale Vervolgingsgesag en die direktoraat vir prioriteitsmisdaadondersoeke ontwikkel."

Bron: Pot Shot. 2011. DNS-monsters teen stropers. In: "Op die tuisfront: wat gons?" *Veeplaas* 2(2): 6-7.

Skermgreep 4: Inskrywing uit die afdeling "Afkortings en akronieme"

6. Slot en verdere navorsingsmoontlikhede

Die voorgestelde akademiese redigeerwoordeboek wat met behulp van die gebruikersprofiel en Blom se 2018-woordeboekmodel in afdeling 5 saamgestel kan word, moet die rol van ’n stylgids en normeringsbron aanneem en aandag skenk aan kwessies aangaande onder meer tegniese aspekte in akademiese tekste, taal-, spel- en interpunksiereëls soos die korrekte woordgebruik, skryf- of spelwyse wat die akademiese redigeerder nuttig sal vind, asook ander inligting oor taalgebruik in bepaalde vakgebiede. Die spesialisveld van akademiese redigering moet ook behandel word, sodat daar riglyne is waarvolgens die redigeerders kan bepaal watter aspekte hulle in die akademiese tekste moet korrigeer en op watter aspekte hulle slegs kommentaar moet lewer. Die akademiese redigeerwoordeboek moet ook ’n afdeling vir vakterminologie insluit, aangesien vakterme van verskillende vakgebiede een van die hoofvereistes vir ’n redigeerwoordeboek is. Daar moet ook skakels na ander reeds bestaande algemene en beperkte woordeboeke (insluitend vakwoordeboeke) verskaf word, aangesien die akademiese redigeerwoordeboek ’n omvattende bron vir die akademiese redigeerder moet wees waar hy/sy dadelik toegang tot onder meer die volgende bruikbare aanlyn woordeboeke en webtuistes kan kry: *HAT Aanlyn*, *WAT Aanlyn*, *Pharos Aanlyn* (insluitend die AWS Aanlyn) en webtuistes soos dié van SAVI, PEG, Prolingua, die US Taalsentrum, die Virtuele Instituut vir Afrikaans (VivA), en die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns (SAAWK).

In verdere navorsingsmoontlikhede kan Blom se 2018-woordeboekmodel verfyn en bygewerk word deur ekstra data by te voeg wat die akademiese redigeerders nuttig sal vind. Die woordeboekmodel kan ook aan ’n groter groep respondente blootgestel word sodat die bruikbaarheid daarvan getoets kan word. Fuertes-Olivera en Tarp (2014: 230) se postsamestellingsfase vir die ontwerp en samestelling van gespesialiseerde aanlyn woordeboeke kan as deel van die samestellingsproses van Blom se 2018-woordeboekmodel uitgevoer word. Hierdie fase behels deurlopende bywerking van ’n woordeboek nadat die woordeboek tot aan die teikengebruikers beskikbaar gestel is en die terugvoer as riglyne vir die bywerking daarvan gebruik is (Fuertes-Olivera en Tarp, 2014: 230). In afdeling 2 is reeds genoem dat hierdie studie die eerste gedeelte van ’n groter projek is wat ten doel het om ’n volledige akademiese redigeerwoordeboek daar te stel. Die navorser is reeds besig met die tweede gedeelte van hierdie projek, te wete uitvoering van die postsamestellingsfase van Blom se 2018-woordeboekmodel. Blom se 2018-woordeboekmodel word as grondslag gebruik om ’n prototipe akademiese redigeerwoordeboek op te stel sodat redigeerders die konsepontwerp van die akademiese redigeerwoordeboek aanlyn kan toets. Die bruikbaarheid van die databeskrywing en die datavoorlegging

in die prototipe van sodanige akademiese redigeerwoordeboek word empiries getoets deur die prototipe tot studenteredigeerders se beskikking te stel en van die studenteredigeerders te vereis om die prototipe te gebruik vir akademiese redigeertake. Die uitgangspunt vir die tweede gedeelte van die studie is om te bepaal of die studenteredigeerders, wat volgens Rubin en Chisnell (2008: 146-147) se beskrywing as die mins bevoegde gebruikers of MBG's ("least competent users" of LCUs) van die gebruikersprofiel van die akademiese redigeerwoordeboek (sien tabel 2) tevrede is met die voorlopige akademiese redigeerwoordeboek. Na afloop van hierdie bruikbaarheidstoetsing word die studenteredigeerders se terugvoer oor hierdie bron gebruik om verbeteringsriglyne op te stel wat vir die verfyning en samestelling van die akademiese redigeerwoordeboek gebruik kan word.

Universiteit Stellenbosch

Bronnelys

Alberts, Mariëtta. 2017. Prolingua se bydrae tot terminologieontwikkeling in Afrikaans. *Lexikos*, 27: 16-49.

Blom, Maret. 2018. 'n Teoretiese model vir die ontwerp van 'n Afrikaanse aanlyn woordeboek vir akademiese redigeerdoeleindes. Ongepubliseerde honneurswerkstuk. Stellenbosch: Universiteit Stellenbosch.

Butcher, Judith; Drake, Caroline en Leach, Maureen. 2006. *Butcher's Copy-editing: The Cambridge Handbook for Editors, Copy-editors and Proofreaders.* Cambridge: Cambridge University Press.

Cerritos College. 2016. *A brief guide to the analysis of open-ended survey questions.* http://cms.cerritos.edu/uploads/researchandplanning/brief_guide_to_open-ended_survey_questions.pdf. (Datum van gebruik: 13 November 2017).

The Chicago Manual of Style. The Essential Guide for Writers, Editors, and Publishers. 2003. (1906). (15de uitgawe). Londen: The University of Chicago Press.

Denscombe, M. 2010. *The good research guide for small-scale social research projects.* Berkshire: Open University Press.

Editors' Association of Canada (EAC). 2012. *Guidelines for ethical editing of theses/dissertations.* http://www.editors.ca/files/public/Guidelines_Editing_Theses_2012-06-02_APPROVED.pdf (Datum van gebruik: 22 April 2017).

Fuertes-Olivera, Petro A. en Tarp, Sven. 2014. *Theory and practice of specialised online dictionaries: lexicography versus terminography.* Berlyn/Boston: Walter de Gruyter GmbH.

Gouws, Rufus H. en Prinsloo, Danie J. 2005. *Principles and practice of South African lexicography.* Stellenbosch: SUN PReSS.

Kruger, Haidee en Bevan-Dye, Ayesha. 2010. Guidelines for the editing of dissertations and theses: A survey of editors' perceptions. *Southern African Linguistics and Applied Language Studies,* 28(2): 153-169.

Kruger, Haidee en Bevan-Dye, Ayesha. 2013. The language editor's role in postgraduate research: A survey of supervisors' perceptions. *South African Journal of Higher Education*, 27(4): 875-899.

Law, Melanie Ann. 2011. The development of core standards for editing in South Africa. *Southern African Linguistics and Applied Language Studies*, 29(3): 275-292.

Linnegar, John. 2009. *Consistency, consistency, consistency. The PEG guide to style guides.* Craighall: The Professional Editors' Group.

Lourens, Amanda. 2014. Produk teenoor proses tydens akademiese redigering: Opmerkings as aanduiders van redigeergerigtheid. *Stellenbosch Papers in Linguistics Plus*, 43: 261-296.

Lourens, Amanda. 2016. Die gebruik van opmerkings as 'n strategie tydens die verantwoordbare redigering van akademiese tekste. *Literator*, 37(2): 1-14.

Mossop, Brian. 2014. (2001). *Revising and editing for translators.* Derde uitgawe. Manchester: St. Jerome.

Müller, Dalene en Pistor, Sebastian S. 2011 (2003). *Skryf Afrikaans van A tot Z: Die essensiële gids vir taalgebruikers.* (2de uitgawe) Kaapstad: Pharos Woordeboeke.

Professional Editors' Guild. 2017. Resources for editors. http://www.editors.org.za/ResourcesForEditors.aspx (Datum van gebruik: 11 November 2017).

Prolingua. 2017. Woordeboeke. http://prolingua.org.za/woordeboeke.php (Datum van gebruik: 28 Maart 2020).

Publication Manual of the American Psychologial Association. 2001. Washington, DC: American Psychological Association.

Ritter, R.M. 2005. *New Hart's Rules.* Oxford: Oxford University Press.

Rubin, Jeff en Chisnell, Dana. 2008. *Handbook of usability testing: How to plan, design, and conduct effective tests.* Indianapolis, IN: Wiley Publishing.

SciELO South Africa. *SciELO Analytics.* 2017. https://analytics.scielo.org/w/publication/article?collection=sza (Datum van gebruik: 11 November 2017).

Suid-Afrikaanse Vertalersinstituut. 2007. Resources. https://www.translators.org.za/resources/ (Datum van gebruik: 28 Maart 2020).

Taalkommissie (van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns). *Afrikaanse woordelys en spelreëls.* 2017 (1917). (11de uitgawe). Kaapstad: Pharos Woordeboeke.

Tarp, Sven. 2000. Theoretical challenges to practical specialised lexicography. *Lexikos*, 10: 189-208.

Universiteit Stellenbosch Taalsentrum. 2019a. Hulpbronne vir taalpraktisyns. www.sun.ac.za/taalsentrum/hulpbronne-vir-taalpraktisyns/ (Datum van gebruik: 28 Maart 2020).

Universiteit Stellenbosch Taalsentrum. 2019b. Redigering van jou tesis of navorsingsverslag. www.sun.ac.za/taalsentrum/assets/files/TaaldiensDokumente/Tesisredigering_2019_Okt.pdf (Datum van gebruik: 28 Maart 2020).

Van Aswegen, Elizabeth S. 2007. Postgraduate supervision: The role of the (language) editor: Sed quis custodiet ipsos custodes? *South African Journal of Higher Education* 21(8): 1139-1151.

Note

1. 'n Akademiese redigeerder is nie veronderstel om oormatige redaksionele ingryping op akademiese tekste toe te pas nie, want wanneer daar te veel aan die akademiese teks verander word, kan hoëronderwysinstellings ná afloop van die redigeerproses nie met sekerheid sê of die werk van die student/outeur sy/haar eie opinie en vaardighede weerspieël nie (Kruger en Bevan-Dye, 2010:154).
2. Die empiriese navorsing vir hierdie studie is in 2017 en 2018 uitgevoer en die vorige uiteensetting van die US Taalsentrum se opsies vir "Die redigering van jou tesis of navorsingsverslag" is gebruik om vrae vir vryskutredigeerders op te stel. In die dokument wat in 2017 gebruik is, word daar nog onderskei tussen omvattende en ligte redigering (oftewel kopieredigering) en daarom word hierdie onderskeid ook in afdeling 4, vraag 1 gemaak.
3. Brian Mossop (2014) kategoriseer die vier soorte redigering soos volg: 1. Inhoudelike redigering behels voorstelle om die inhoud van die teks te verander of inligting by te voeg, asook die regstelling van feitelike, wiskundige en logiese foute. 2. Strukturele redigering is onder andere die herorganisering van paragrawe, afdelings en hoofstukke. 3. Stilistiese redigering fokus daarop om die styl van die teks te verbeter deur veranderinge aan die woordeskat en sinstruktuur te maak, sodat 'n teks meer leesbaar is. 4. Kopieredigering behels dat grammatikale en spelreëls toegepas word om die teks in ooreenstemming met hierdie reëls te bring.
4. 'n Stylgids vestig huisreëls vir taalgebruikskwessies en hierdie reëls help die redigeerder om teenstrydighede in die skryfstyl, grammatika, interpunksie, spelling en voorkoms van 'n dokument uit te skakel (Thomas, 2009:2), byvoorbeeld die US Taalsentrum se *Stylgids* (2012) of *Skryf Afrikaans van A tot Z*. 'n Normeringsbron verskaf standaarde waarvolgens 'n taal gebruik moet word en verskaf ook leiding oor spelling en skryfwyses, byvoorbeeld die *Afrikaanse woordelys en spelreëls* (AWS) wat spelreëls en riglyne vir die korrekte skryfwyses van Afrikaanse woorde verskaf.
5. Daar is eers aansoek gedoen om etiese klaring aangesien die etiese riglyne van die Universiteit Stellenbosch vereis dat alle navorsing waarin mense as deelnemers gebruik word eers aan die Departementele Etiek Siftingskomitee (DESK) voorgelê moet word. DESK het die aanvanklike aansoek goedgekeur, maar aangesien die vryskutredigeerders van akademiese tekste ook

geassossieer is met die Universiteit Stellenbosch Taalsentrum, moes die navorser ook aansoek doen om institusionele klaring. Die aansoek om institusionele klaring is ook goedgekeur en die US Taalsentrum is gevra om namens die navorser ’n uitnodiging om deelname aan die studie en ’n vraelys te e-pos aan die vryskutredigeerders wat aan die US Taalsentrum verbonde is.

6. Proskriptiewe notas lig gebruikers in oor ’n spesifieke kwessie en maak ’n aanbeveling oor die taalgebruik of vorm van ’n woord, soos voorgestel deur die leksikograwe en vakkundiges (Fuertes-Olivera en Tarp, 2014:228).